

Quo Vadis

Waar gaan u heen?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 57

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

'N VRAAG

Hoe is jy regverdig voor God?

EN 'N ANTWOORD

Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus; só dat al klaag my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en geeneen daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is, God my nogtans, sonder enige verdienste aan my kant, uit louter genade die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus toereken en skenk, asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het, vir sover ek dié weldaad met 'n gelowige hart aanneem.

(Heidelbergse Kategismus, vraag 60)

DIE STEM VAN GOD IN TELEURSTELLINGE

**Hoe meer ons trag om God dood te swyg in ons smart
des te harder spreek Hy**

'n Mens kan tog so baie teleurstellinge in jou lewe kry, en dan dring die besef tot 'n mens deur dat jou lewe op aarde nie net rosegeur en maneskyn is nie, maar dat daar ook baie dorings op die lewenspad is wat jou veel pyn en leed berokken. 'n Veelbelowende kind kan plotseling voor 'n motor beland en sterf; 'n baie gelukkige huwelik kan deur 'n skynbaar vroeë dood verbreek word; jy kan 'n ernstige siekte opdoen of een van jou bene verloor.

Dan is mens geneig om te vra: Waarom en hoekom gebeur dit dan so, juis in my lewe? Daar is tog andere wat al so lank siek is en smag na verlossing en hulle lewe word nog gespaar terwyl jou talentvolle kind so wreed weggeruk word.

HOEKOM?

WAAROM?

GEEN ANTWOORD...

Op die baie vrae wat so oprys kom daar geen antwoord nie, al wat jy hoor is slegs maar die antwoord van pyn en verlange. Dan kan 'n mens naderhand met 'n gebalde vuis na die hemel begin loop en word die opstand in jou binnenste 'n bron van bitterheid:

"Ek graaf nes in 'n sandhoop Met my "waarom?" en "hoe?" By elke nuwe poging Dan val die plek weer toe."

... EN TOG ANTWOORD

— Het u al daaraan gedink; ek bedoel die antwoord van die digter op al sy leed: "Net een ding te gelowe en dit is: GOD IS GOED.

In 'n mens se lewe gebeur daar tog niks per toeval nie en het alles 'n bepaalde doel veral ook die teleurstellings hoe bitter dit dan ook is. Daar is nie so iets soos 'n griesrige noodlot wat dinge in 'n mens se lewe beskik nie. Kragtens Gods Voorsienige Bestel onderhou die Here die hemel en die aarde en alle skepsele, ook vir jou die ongelukkig verontregde mens in smart en teleurstellings. Hy regeer oor alles en almal so dat reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, gesondheid en krankheid, voorspoed en teëspoed nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand jou toekom.

Klein teleurstellinge gaan so onopgemerk by ons verby terwyl die groot teleurstellinge in 'n mens se lewe uitgegraveer word. Maar ons moet tog agter 'n klein teleurstelling of 'n groot ramp altyd **die stem van God verneem wat iets aan ons op so 'n wyse wil sê.**

God spreek ook in ons alledaagse lewe deur die harde taal van teleurstellings. Hierin lê die antwoord van al jou vrae dat God deur die daad tot jou spreek. Hy ruk jou tot stilstand om so tot diepe nadenke te stem. Die waarom en hoekom moet gestil word en eerder gevra word: "Here wat wil u aan my sê deur hierdie teleurstelling?"

In die dae van ouds toe Abraham en Moses geleef het, het God direk tot hulle gespreek in taalklanke. So spreek die Here vandag nie meer nie. Sy sprake is vasgelê in die Bybel. Maar altyd nog het Hy gespreek deur gebeure in die natuur, deur siekte, dood en andere teleurstellinge.

GOD LAAT HOM NIE DOODSWYG NIE.

Die neiging bestaan by die mens om die dinge van God en daarmee God self dood te swyg. En hoe meer ons God doodswyg dat ons nie na Hom luister nie des te skerper verneem ons sy stem in die besonder skokkende dinge wat rondom ons plaasvind wat ons raak tot in die diepste roersele van ons bestaan.

In ons smart en teleurstelling het ons baie nodig om tot besinning te kom, wat daarin bestaan dat jy diep sal buig en luister na die stem van God in die teleurstelling om jou heen.

Die mens het in opstand gekom teen God en die gevolge in die lewe is smart op smart. Nou wil Satan dat ons opstandig sal wees teen God soos 'n weerbarstige kind teenoor sy ouers. En Satan kom met velerlei versoekings en verleidings ook in jou teleurstellings.

God verander dit egter en maak daarvan beproewings om jou te louter en te vorm om in te pas in die plek wat Hy vir jou bestem het. Die tydelike terugslag, teleurstelling of smart word dan 'n vorming vir die ewige lewe. Luister dan na die stem van die Almagtige Skepper in jou beproewing.

Neig jou oor en luister.

Wees dan nou geduldig in die slae

Om eenmaal ewig te roem in

die heerlike verlossing.

G. du Plessis.

BYBEL VOLDOENDE - KERK OORBODIG

U sê dat u nou al heerlik sat is van die lastige dominee wat onophoudelik aan u torring om tog kerk toe te kom of by 'n *kerk* aan te sluit? U het mos 'n Bybel tuis, lees dit gereeld en lewe selfs 'n baie voorbeeldige lewe! Maar tog sal dit baie goed wees as u nogeens 'n openhartige en eerlike gesprek wil voer... En dan wil ek nie met u praat oor die haastige lewe en die min tyd nie, oor al die baie huigelaars in die kerk en die goeie mense daarbuite nie, nee, laat ons saam luister na wat daardie Bybel, wat u so getrou lees, sêlf te sê het. Dán maar dan alleen, kan ons waarlik vrugbaar gesels. En natuurlik, ek is heeltemal bereid om ook na ú vrae te luister!

Magtige woorde

U noem dat die Bybel ons baie pertinent leer dat dit met die oog op die ewige lewe nie aankom op 'n klomp godsdienstige reëls nie, ook nie op gereelde samekomste nie, maar alleen op die geloof in die Here Jesus Christus (Hand. 16:31; Joh. 17:3; Rom. 10:9). U wys daarop dat die Here Jesus Self slegs maar twee keer van die kerk gepraat het en tientalle kere oor die Koninkryk van God. Eintlik het Hy Self dus nie te veel vir die kerk oorgehad nie? Maar wag. Ons moet nie te haastig oor hierdie feite heenstap nie. Jesus sê dat Hy sy kerk op die rots Petrus en die belydenis van Petrus (nl. dat Jesus die Messias, die Seun van God is) sal **bou** en **dat die poorte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie** (Matth. 16:18). Sulke groot woorde sê mens tog nie as jy 'n kerk oorbodig ag nie? Jesus is u Saligmaker ja, maar hierdie Saligmaker sê dat Hy 'n kerk gaan bou wat nooit sal vergaan nie. En as ek my van die kerk distansieer, beteken dit dan nie dat ek my in wese ook van Hóm distansieer nie? Het Hy dan nie gesê: "As iemand My woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie"? (Joh. 8:51).

Die liggaam van Christus

U lees tog ook die briewe van Paulus, nie waar nie? Maar het u al daaraan gedink dat die meeste van hulle aan **gemeentes** geskrywe is? En vind u dit nie ongerymd nie dat Paulus op al sy sendingreise orals **gemeentes** gestig het — ter uitvoering van die opdrag van Jesus in Matth. 16.

En, ag, die apostel Paulus kon so mooi, so diepsinnig nie alleen **aan** nie maar ook **van** die gemeentes skrywe. Hy noem die kerk die volk van God, die bouwerk van God en veral **die liggaam van Christus**. Dit beteken niks minder nie dat, as ons een is met Christus, die Hoof, ons nie anders kan as om een met **mekaar** te wees nie. Gemeenskap met Christus kan nie losgemaak of gedink word van die gemeenskap met mekaar nie. Hierdie gemeenskap met Hom en met mekaar sien ons veral tot uitdrukking kom aan die Nagmaalstafel — die viering waarvan opdrag van Jesus is.

U is van mening dat die Bybel alleen, dit is: sonder die kerk, heeltemal voldoende is, maar tog sal u begin toestem dat daardie selfde Bybel ons nogal gevaarlik eng vasbind aan die kerk. U sal geredelik wil toegee dat as ons daardie Bybel onbevange en eerlik lees, dit ons as't ware uitdryf na die kerk, want ons lees: "En laat ons die onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie" (Hebr. 10:25). As ons dus eerlik wil luister na die

boodskap van die Skrif, dit is na die boodskap van Jesus Christus, sal ons moet toegee dat die Wóórd — en nie die dominees nie — ons kerk toe stúúr. Ons kan tog ten minste nie die Bybel gaan versnipper en net sekere dele as van lewensbelang beskou nie, want wie sal dan uitmaak **watter** dele nou van lewens- (en sterwens-) belang is? Die héle Bybel is God se Woord of niks is Sy Woord.

Die geloof uit die gehoor

U sal ook saamstem dat as ons erns maak met die woorde van Paulus aan die Romeine, naamlik dat die geloof uit die gehoor is en die gehoor is deur die (verkondigde) woord van God (10:7), dan word ons geloof nogal taamlik styf vasgebind aan die woord van God . . . wat **gepreek** word (sê Paulus in vs. 16). En ons weet dat die Woord in die **kerk** gepreek word. Ons geloof is eenvoudig — volgens die Bybel — net nie los te maak van die voortdurende prediking van die Woord nie. Indien ons meen dat ons nooit na preke (selfs van vervelige dominees) hoef te gaan luister nie, dan weet ons 'n hele entjie beter as God, wat beskik het dat daar tot geloofsversterking en geloofsopbou voortdurend gepreek sal word. En u moet tog asseblief nooit die **boodskap** van God met die bringer daarvan identifiseer nie; die brénger kan faal, maar nie die **Wóórd** wat hy, selfs in eenvoud, bring nie.

Ek dink u stem saam, selfs al wil u dit nie nou openlik toegee nie, dat die kerk nie oorbodig is nie, ja, selfs (byna) onmisbaar; dat u u daarvan nié moet distansieer nie maar die warmte daarvan moet opsoek — self al voel dit aanvanklik baie "koel". **Alleen in die kerk en met die kerk kan ons, met die Woord as swaard in ons hand, waarlik diensbaar wees tot die koms van die glorieryke Koninkryk van God, nou en tot die einde.**

J. H. v. W.

Dominees is ook sondaars

(Daarom gaan ek nie kerk toe nie)

Ja, vra maar vir my, ek ken hulle.

Ek was saam met 'n paar van hulle op universiteit. Drie van my ou skoolmaats is ook vandag predikante, asook my eie bloedneef. Nee, ek ken hulle, ook maar vol sonde. Het jy nou-die-dag die koerant gelees? Nog 'n dominee afgesit! En jy weet seker ook van daardie hofsak ...

Dink jy hulle kan my salig maak? Nooit!

Daarom gaan ek nie kerk toe nie, kort en klaar.

Ja, ou vriend, jy is reg — dominees is ook sondaars (net soos ek en jy), soms doen hulle dinge waarvoor 'n mens jou skaam. Maar — net so terloops: Oppas dat jy nie doen soos die Fariseër wat die Here gedink het dat hy beter as die tollenaar was, en ongeregverdig huis toe gegaan het nie. Jy het 'n hekel aan fariseërs — **moet nou nie self een wees nie!**

Maar wat ek wou sê: Het jy al daaraan gedink dat die kerk, waarmee jy niks te doen wil hê nie, nie die dominee se kerk is nie, maar Christus se kerk, met sy eie bloed vir Homself gekoop? Dat die dominees maar net die onvolmaakte mondstukke is wat God se reddende Woord moet bring?

Sê my eers:

Jy weier om kerk toe te gaan — weier jy ook om jou briewe te lees, omdat jy nie hou van die posman wat dit bring nie?

Weier jy om te eet, omdat jy nie hou van die kruidenier of bakker nie?

Weier jy om in 'n huis te woon, omdat die bouer se handlangers soms lelik gepraat het?

Gebruik jy nie medisyne nie, omdat dokters ook siek word?

Het jy al van 'n bruid gehoor wat weier om te trou, omdat die strooijonker lelik is?

Die saak staan so: God, wat die saligheid gee, gebruik mense, sondaars, om ons die pad na die hemel te wys uit sy Woord.

Gestuurdes

Christus beskou hierdie saak so ernstig dat Hy aan Petrus (die man wat Hom sou verloën) sê: "Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees" (Luk. 16:19). En Paulus, wat homself "die grootste van die sondaars" noem, sê dat Christus hom gestuur het na die heidene „om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer, en van die mag van die Satan tot God" (Hand. 26:18).

Ook noem Paulus homself en die ander leraars „gesante om Christus ontwil, asof God deur ons vermaan", gesante aan wie die "woord van die versoening toevertrou is" (2 Kor. 5:19, 20), en die "bediening van die genade van God".

Paulus (of enige apostel of leraar) kan nie salig maak nie, maar hulle lei ons na Christus wat salig maak. Alleen wie in die geloof God aanroep kan gered word — maar weet jy dat sonder 'n prediker van die Evangelie, daar geen geloof en dus geen redding kan wees nie? (Lees Rom. 10:14, 15.)

Krom stokke.

Moenie dink ek wil die dominees ophemel nie. Dit gaan immers nie om hulle nie. Dit gaan nie om die boodskapper nie, maar om die boodskap, om die Woord van God, waardeur ons tot Hom geroep word, die Woord wat deur hulle gebring word, en waaraan God Self die saligheid verbind het. Hulle is maar net dienaars en handlangers, krom stokke waarmee God reguit hou wil slaan.

'n Onaanvaarbare verskoning.

Die kerk is Christus s'n, die Bybel noem dit ook "die liggaam van Christus". Die koninkryk is Syne — en waar jy weier om met die kerk iets te doen te hê, weier jy dus om lid te wees van Christus se liggaam en burger van sy koninkryk.

Daarom, my vriend, laat ek dit maar reguit sê: As jy bly volhard in jou kerklose lewe, is daar vir jou geen saligheid nie. Ek vra jou dus; hou op om jouself te bedrieg. Om eendag aan God te sê jy vvas kerkloos omdat die dominees ook sondaars was, sal jou bepaald nie red nie. Nee, besin vandag, en kom terug kerk toe voor dit te laat is. Elkeen sal sy eie pakkie dra — die dominees en ook

jy!

Moenie!

Moenie terwille van die dominee kerk toe gaan of terwille van hom wegbly nie. Gaan terwille van God en sy Woord en jou saligheid!

Miskien laat God dit juis toe dat dominees soms in sonde val (soos Dawid en Petrus ook geval het), sodat ons kan besef om nie van mense nie, maar van God ons heil te verwag.

Kom dan terug en jy sal gered word — nieteenstaande die dominees!

W. J. Maritz.

Simbabwe

Sestien myl duskant die Rhodesiese dorp Fort Victoria staan die wegwyser: Simbabwe Ruïnes. Volg jy dit, dan staan jy 'n rukkie later tussen die verweerde bouvalle. En soos die baie besoekers wat voor jou hier was, vra jy ook: Wie was die bouers? Watter beskawing het hier verbygetrek en sy spore in klip en steen agtergelaat? Dié van Salomo? Die koningin van Skeba? Die ou Romeine? 'n Uitgestorwe volk van Afrika miskien? Of die legendariese Monomotapa, besitter van wavrage goud en edelstene? Op die kalender van die skepping, hoeveel eeue is gebore en lê begrawe in die swyende ruïnes van Simbabwe?

Die antieke mure en kegelvormige torings staar jou swyend aan. Hulle het die geheim van hul ontslape meesters getrou bewaar.

As jy die atmosfeer van Simbabwe wil voel, klim met die eeue-oue paadjie tot op die heuweltop. Hier lê die Akropolis, die fort wat die bewoners van Simbabwe moes beskerm teen die geweld van vyande. Die eens sterke, veilige burg lê vervalde en verlate in die swoele stilte. Die rotse en vestingmure is nog daar, maar daar is niemand om hulle te beman nie.

Wie praat daar?

Gaan sit op een van die rotsblokke wat daar gestrooi lê en kyk uit oor die bosryke landskap. Die skaduwees daaronder lê lank uitgestrek in hierdie laaste uur van die sterwende dag. Kyk na die ver horison op die rante, en hoor die stilte wat lê oor hierdie plek, met net 'n voël se fluit wat dit nou en dan versteur. Kyk na die grys ou mure en die kegeltorings van die antieke tempel daar onder. Sluit dan jou oë en laat die verlatenheid en verloreheid van Simbabwe oor jou spoel. In jou verbeelding hoor jy mense praat, en skimme beweeg voor jou verby. Jy hoor die hamerslae van ambagsmanne wat klippe kap. Skimme van soldate beweeg tussen die vestingmure. Daar's voetstappe wat op klippies knars. By die grou ou tempelmure sien jy mense roer, en uit die grys misterie van die eeue word hul stemme op die stilte na jou toe aangedra. Die bouvalle waar jy sit, vertel van 'n beskawing wat weggesink het. Van mense wat gekef en gewerk en gelag het; wat gesing en aanbid het; wat gely en liefgehad het. Wie hulle was, en waarvandaan, en wat hul einde was — wie weet? Oor hul geheim hou die verweerde mure wag. **Ook elders**

Ook in die ou Ooste vertel ruïneheuwels die verhaal van beskawings wat gekom en gebloei het: Ur van die Chaldeërs waar Abraham en Lot se spore lê; Babilon waar die magtige Nebukadnesar die septer geswaai het; Egipte, land van die Farao's met hul piramides en sfinks wat wegtuur oor die woestyn se sand; Nineve en Kartago, getuies van die grootheid van die mens, van sy glorie en sy krag . tot God die bladsy omgeblaai het!

Woestynsand en puin is al wat van hul oorgebly het, grafstene wat die plek aandui waar die magtige beskawings begrawe lê, eensaam en koud en stil. Waar Babel eens gebloei het, staan vandag net 'n bordjie langs die treinspoor:, "Babilon-halte"!

'n Stem wat spot

Simbabwe swyg. Die ruïneheuwels van gewese koninkryke is stom. En tog, hulle praat! Hulle praat van menslike grootheid en krag en wetenskap wat gewees het. Maar ag, hoe gou was hul glorie weg? Soos 'n kersvlammetjie in die wind. Dis of jy 'n stem hoor spot.

Simbabwe vertel jou van die kortstondigheid en nietigheid van die mens teenoor die almag en die ewigheid van God. Staan hier tussen die ruïnes as die lig verflou en jy besef die diepe waarheid van Ps. 90: "Van ewigheid tot ewigheid is U God... want duisend jaar is in u oë soos die dag van gister as dit verbyskiet, en soos 'n nagwaak", of soos Ps. 103 sê: "Die mens

— soos gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy. As die wind daaroor gaan is dit nie meer nie ..."

Dan begin jy jousef en die vuurpyl-beskawing van jou tyd sien in sy broosheid en verloreheid. New York, Moskou, Johannesburg oor duisend jaar ruïneheuwels waaroor net die stilte hang — wie weet? En uit jou hart styg die vraag: Waarheen? Moet alles verwaai tot puin en stof ?

Tog iets bestendigs

Ja dit is so. Goddank! Daar is 'n stad wat nooit vergaan nie — die Bybel spreek daarvan — en daarna sal ek soek: „die stad wat fundamente het waarvan God die boumeester en oprigter is” (Hebr. 11 :10).

Op aarde dus niks blywends nie, daarom: ek moet uitsien na die toekomstige, die stad wat Abel en Henog en Noag fen Abraham gesoek en gevind het. Die nuwe, die heilige, die ewige Jerusalem.

Hoe ek dit sal vind?

Die Bybel gee die antwoord: deur die geloof. "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Hand. 16:31).

W. J. Maritz.

Ek bid nie

want die Here verhoor nie my gebed nie

Jy sê die Here verhoor nie jou gebed nie . . . Het jy al ondersoek ingestel of die fout nie dalk by **jou** lê nie?

Die vereiste vir 'n ware gebed is **geloof**, geloof dat God wil luister en dat God magtig is om te help. Verder is **ootmoed** nodig, d.w.s. ons moet van ons eie troon afkom, met diepe ontsag, in onderdanigheid en nederigheid tot God nader.

Ook moet ons gebede van **opregtheid** getuig en nie van geveinsdheid nie. Dit beteken dat ons dit nie slegs van God sal bid nie maar sal begeer en stry om dit te verkry. As ons bv. bid om van 'n bepaalde sonde verlos te word, moet ons ook doelbewus teen die sonde stry — anders is ons nie opreg nie. Om opreg te bid beteken om ons ganse sielelewe voor die oë van God te stel en niks te verberg nie.

Verder moet ons met **vrymoedigheid** bid. Vrymoedigheid is nie geestelike oormoed nie, ook nie dwanguitoefening nie, maar die moed en durf om God werklik te smee om die vervulling van sy beloftes.

Ook moet die ware bidder **kennis van God** besit wat Hom in die Bybel aan ons openbaar; **kennis van homself** in sy geestelike nood en sonde-verdorwenheid; **kennis van Jesus Christus** wat die vaste grond vorm vir die verhoring van ons gebed.

Met hierdie paar vereistes in gedagte wil ek jou nou reeds vra: beantwoord jou gebed hieraan? Moet tog nie die sondes vergeet wat ons gebedslewe nie welgevallig voor God maak nie. Daar is so baie sondige gebede: **sleurgebede** wat geen ontroering bevat nie; **lippe-gebede** wat nie uit die hart ontspruit nie; **dwang-gebede** wat God wil dwing en nie wil berus dat sy wil moet geskied nie; **egoïstiese** gebede waarin dit om die eie ek bo die eer van God gaan.

Onverhoorde gebede

Kom ons bespreek verder die kwessie van onverhoorde gebede.

In die Skrif kry ons verskillende voorbeelde van onverhoorde gebede: Moses wat die Beloofde Land nie mag binnetrek nie (Deuteronomium 3 : 23—28); Dawid wat om die lewe van sy kind bid (2 Samuel 12 : 16); Paulus wat bid om die doring in die vlees maar die Here wil sy gebed nie verhoor nie (2 Kor. 12 : 7—9).

Daar bestaan dus so-iets soos onverhoorde gebede. maar ek wil jou nou-al waarsku **om nie te gou te sê dat jou gebed onverhoord bly nie**, want God laat ons dikwels lank wag om daardeur ons geloof te beproef en te louter; of om ons te beproef met watter motief ons bid; of om te laat uitkom of die gebed ons erns is; of om ons te laat volhard in die gebed.

Maar, nou goed: gestel God wil nie my gebed verhoor nie, dan wil ek met groot beslistheid sê dat God om heilige redes nie **wil** verhoor nie. Dan gaan **dit** om die eer van God (**die** doring in Paulus se vlees laat God se krag in Paulus se swakheid volbring word) en vir die beswil van die mens **in** Jesus Christus. As God my gebed in daardie opsig sou verhoor, sou ek miskien my teen God verhef of ek sou weggetrek word van die Here. Die apostel Paulus sê in Romeine 8:28: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is". Hierdie woorde geld ook ons onverhoorde gebede.

Aanhou

Nee, my vriend, hou aan met bid.

Die gebed is die ademtog van die siel, die polsslag van ons lewe, 'n magtige wapen in ons geestelike stryd.

Dit is die toegang tot God in die naam van Jesus Christus.

Dit is die vrug van die Heilige Gees as uiting van die nuwe lewe.

Dit is die skakel in die vervulling van die belofte: "Bid, en vir **julle** sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word" (Mattheus 7:7).

My vriend, hou op met jou kritiek op die gebed. Hou aan met bid.

C. J. Malan.